Die sikliese beweging in die reële vaste kapitaalvoorraad van openbare owerhede het dié van die private sektor min of meer gevolg. 'n Opmerklieke uitsondering was die tydperk 1972 tot 1975, toe die boonste draaipunt van die kapitaalvoorraadgolf aan die begin van die sikliese opswaai in 1973 voorgekom het, terwyl die onderste draaipunt gedurende die vroeë stadiums van die sikliese afswaai in 1975 bereik is. Hierdie afwyking van die tendens van die private sektor was die gevolg van die investeringsbedrywigheide van die S.A. Spoorwegadministrasie waarna reeds in die eerste afdeling verwys is. Die meeste investeringsprogramme van die openbare sektor kan nie gereedelik onderbreek word gedurende 'n tydperk van snelle ekonomiese uitbreiding wanneer 'n verlangsaming van die groei noodsaaklik geag word nie. 'n Kontra-sikliese openbare investeringsbeleid is gevolglik moeilik om te verwesenlik. Die ooreenstemmende neiging in die openbare en private vaste investering kan gedeeltelik verklaar word deur probleme verbonde aan die tydsberekening van uitbreidingsprogramme, en ook deur die feit dat investering vir ontwikkeling van die ekonomiese infrastruktuur gedurende 'n tydperk van toenemende ekonomiese bedrywigheid verhoog moet word om aan die bykomende vereistes van die uitbreidende ekonomie te voldoen.

—In die geval van die openbare korporasies kon geen

regstreekse verwantskap met die algemene konjunkturgolf waargeneem word nie. Die afwesigheid van enige deurlopende verwantskap is waarskynlik toe te skryf aan die feit dat die kapitaalprogramme van openbare korporasies grotendeels deur strategiese en ander oorwegings bepaal word, en nie deur sikliese veranderings nie.

Veranderings in die struktuur van die reële vaste kapitaalvoorraad

Alhoewel alle sektore gedurende 1970 tot 1977 'n verdere uitbreiding van hulle reële vaste kapitaalvoorraad ondervind het, het die koers van toename aansienlik tussen die individuele sektore verskil. Hierdie uiteenlopende koerse het vanselfsprekend tot gevolg gehad dat die proporsionele aandeel in die totale vaste kapitaalvoorraad of toegeneem of afgeneem het. Die persentasie-aandeel van elk van die hoofklasse van ekonomiese bedrywigheid word in tabel 2 vir die tydperke 1946 tot 1960, 1961 tot 1970, en daarna jaarliks tot 1977 aangegee.

Alhoewel geen dramatiese veranderings gedurende die sewentigerjare tot 1977 voorgekom het nie, is die verdere toename in die proporsionele aandeel van die sektor gemeenskaps-, maatskaplike en persoonlike dienste, van 24,5 persent in 1970 tot 26,5 persent in 1977, opmerklik, en was dit hoofsaaklik die gevolg van versnelde ontwikkeling van die infrastruktuur deur die algemene owerheid. Ander belangrike veranderings in die persentasieverdeling van die reële vaste kapitaalvoorraad volgens tipe ekonomiese bedrywigheid gedurende onlangse jare was die dalende proporsionele aandeel van die landbou, bosbou en vissery en die sektor finansies, versekering, vaste eiendom en besigheidsdienste. Die afname in eersgenoemde was 'n voortsetting van die neiging wat gedurende die tydperk 1946 tot 1970 waargeneem is. Die afname in die persentasie-aandeel van finansies, versekering, vaste eiendom en besigheidsdienste het hoofsaaklik voortgespruit uit 'n lae koers van toename in die voorraad reële private woongeboue, veral gedurende 1975 tot 1977.

Word die tydperk 1946 tot 1977 as geheel in oënskou geneem, was die mees opvallende verandering in die proporsionele aandeel van enige individuele sektor die styging wat deur gemeenskaps-, maatskaplike en persoonlike dienste aangeteken is, naamlik van ongeveer 19 persent gedurende die onmiddellik na-oorlogse jare tot 26½ persent in 1977. Hierdie skerp toename het die volgehoue hoë vlak van die reële besteding aan infrastrukturele ontwikkeling gedurende die tydperk 1946 tot 1977 weerspieël. Verdere betekenisvolle toenames is deur die fabriekswese en in mindere mate deur elektrisiteit, gas en water aangeteken. Die toename in die geval van die fabriekswese het verband gehou met die hoë vlak van die investeringsbedrywigheide van die fabriekswese-

Tabel 2. Persentasieverdeling van die reële vaste kapitaalvoorraad volgens tipe ekonomiese bedrywigheid

Tydperk	Landbou, bosbou en visserij	Mynbou en steen- groewery	Fabriekswese	Elektrisiteit, gas en water	Konstruksie (kontrakteurs)	Groot- en kleinhandel, verversing en akkommodasie	Vervoer, opberging en kommunikasie	Finansies, versekering, vaste eiendom en besigheidsdienste	Gemeenskaps-, maatskaplike en persoonlike dienste	Totaal
1946–1960	12,4	9,4	7,7	6,5	0,4	5,2	17,0	22,7	18,7	100,0
1961–1970	9,3	7,9	9,8	6,9	0,5	5,4	16,4	21,1	22,7	100,0
1970	8,2	6,6	10,5	7,2	0,6	5,3	15,7	21,4	24,5	100,0
1971	8,0	6,2	10,5	7,2	0,6	5,3	15,7	21,5	25,0	100,0
1972	7,7	5,9	10,6	7,2	0,6	5,2	15,9	21,3	25,6	100,0
1973	7,4	5,8	11,0	7,1	0,6	5,1	15,9	21,4	25,7	100,0
1974	7,1	5,8	11,2	6,9	0,6	5,1	16,0	21,3	26,0	100,0
1975	6,9	6,0	11,3	7,0	0,6	5,0	16,3	20,8	26,1	100,0
1976	6,6	6,2	11,2	7,2	0,6	4,8	16,8	20,4	26,2	100,0
1977	6,4	6,2	11,1	7,7	0,5	4,7	17,0	19,9	26,5	100,0

ondernemings van openbare korporasies gedurende die sestigerjare en die vroeë sewentigerjare. Verdere groot toenames in sodanige reële vaste kapitaalbesteding gedurende 1975 tot 1977 is egter gedeeltelik deur afnames in die reële vaste kapitaalbesteding deur die private fabriekswese gedurende daardie tydperk geneutraliseer. Gevolglik het die relatiewe aandeel van die totale fabriekswese in die totale vaste kapitaalvoorraad vanaf 1973 tot 1977 min of meer onveranderd gebly.

Die grootste afname in die aandeel van enige sektor gedurende die tydperk 1946 tot 1977 in sy geheel is deur die landbou, bosbou en visserij aangeteken, naamlik van ongeveer 13 persent gedurende die onmiddellik na-oorlogse jare tot slegs ongeveer 6½ persent gedurende die laaste drie jare van die tydperk onder bespreking. Die aandeel van die mynbou het ook gedurende die tydperk 1946 tot 1977 effens afgeneem, nieteenstaande die betreklik groot reële besteding gedurende 1974 tot 1976. Die afnemende relatiewe belangrikheid van die primêre sektore in die totale vaste kapitaalvoorraad is 'n verskynsel wat in ooreenstemming is met die normale verloop van sake in ontwikkelende volkshuishoudings. Die afname in die aandeel van die sektor finansies, versekering, vaste eiendom en besigheidsdienste van 23 persent gedurende die laat-veertigerjare tot 20 persent in 1977 het verband gehou met die laer koers van toename in die reële vaste investering vir vaste eiendomsontwikkeling as in dié van die meeste nie-primêre sektore. Die aandeel van vervoer, opberging en kommunikasie in die totale vaste kapitaalvoorraad het feitlik ononderbroke gedaal van 19 persent in 1946 tot ongeveer 15½ persent in 1970. Daarná het dit effens toegeneem tot 17 persent in 1977, as gevolg van groot

reële kapitaalbesteding aan programme en projekte wat in die voorafgaande afdeling genoem is.

Tabel 3 toon die persentasieverdeling van die reële vaste kapitaalvoorraad volgens tipe organisasie. Die afname in die relatiewe belangrikheid van die private sektor, en die verhoogde aandeel van die openbare sektor, wat gedurende die tydperk 1946 tot 1972 waargeneem is, het in die daaropvolgende jare voortgeduur. Veral opmerklik was die toename in die aandeel van die openbare korporasies van slegs 7 persent in 1970 tot 11 persent in 1977. Soos hierbo vermeld, het hierdie styging plaasgevind vanweë groot reële vaste kapitaalbesteding aan strategiese belangrike ondernemings soos Alusaf, Natref, Yskor se fabriek in Pretoria, Vanderbijlpark en Newcastle, Sasol se tweede olie-uit-steenkoolaanleg, Evkom se kragentrales en die Sishen-Saldanhaspoorweg-en-hawe-projekte. Die aandeel van die openbare owerhede het van 1970 tot

Tabel 3. Persentasieverdeling van die reële vaste kapitaalvoorraad volgens tipe organisasie

Tydperk	Openbare owerhede	Openbare korporasies	Private sake-ondernemings	Totaal
1946–1960	40,3	4,5	55,2	100,0
1961–1970	43,3	5,8	50,9	100,0
1970	44,1	6,9	49,0	100,0
1971	44,4	7,1	48,5	100,0
1972	44,9	7,4	47,7	100,0
1973	44,9	8,1	47,0	100,0
1974	44,8	8,7	46,5	100,0
1975	44,8	9,6	45,6	100,0
1976	45,2	10,3	44,5	100,0
1977	45,4	11,1	43,5	100,0

Tabel 4. Persentasieverdeling van die reële vaste kapitaalvoorraad volgens tipe bate

Tydperk	Woon- geboue	Nie- woon- geboue	Konstruksie- werke	Vervoer- toerus- ting	Masjinerie en ander toerusting	Oordrag- koste	Totaal
1946-1960	21,3	17,4	37,2	6,8	12,5	4,8	100,0
1961-1970	20,6	19,0	36,4	6,9	13,3	3,8	100,0
1970	20,2	19,2	35,7	6,8	14,2	3,8	100,0
1971	20,1	19,5	35,5	6,9	14,3	3,7	100,0
1972	19,9	19,7	35,6	7,0	14,2	3,6	100,0
1973	19,7	19,8	35,6	7,1	14,2	3,6	100,0
1974	19,4	19,9	35,7	7,0	14,4	3,6	100,0
1975	19,0	19,7	36,0	7,1	14,8	3,4	100,0
1976	18,7	19,5	36,3	7,3	14,9	3,3	100,0
1977	18,3	19,6	36,7	7,4	14,8	3,2	100,0

1977 slegs effens gestyg. Die koers van toename in die reële vaste kapitaalvoorraad van die private sektor gedurende 1970 tot 1977 was nie slegs aansienlik laer as dié van die openbare owerhede en openbare korporasies nie, maar het gedurende die tydperk 1975 tot 1977 ook progressief kleiner geword. Gevolglik het die aandeel van die private sektor in die totale reële vaste kapitaalvoorraad tot 'n betreklik lae vlak van 43½ persent in 1977 gedaal.

Met betrekking tot die batesamestelling van die reële vaste kapitaalvoorraad soos in tabel 4 getoon, is dit belangrik om daarop te let dat sekere ontwikkelings wat gedurende die tydperk 1946 tot 1972 waargeneem is, in sekere opsigte gedurende onlangse jare omgekeer is. So het die aandeel van nie-woongeboue, wat vanaf 1946 tot 1970 bestendig toegeneem het, gedurende die sewentigerjare tot 1977 slegs effens verder gestyg, terwyl dié van konstruksiewerke weer vanaf 1972 begin styg het nadat dit vanaf 1946 tot 1971 gedaal het. Die relatiewe belangrikheid van masjinerie en ander toerusting in die reële vaste kapitaalvoorraad het egter voortgegaan om gedurende die sewentigerjare tot 1977 te styg, terwyl dié van woongeboue gedurende die tydperk onder beskouing aangehou het om te daal. Die persentasie-aandeel van vervoertoerusting het nie gedurende die tydperk 1946 tot 1977 enige wesenlike verandering getoon nie.

Die verwantskap tussen die reële vaste kapitaalvoorraad en die reële opbrengs van individuele sektore.

Die verwantskap tussen die reële bruto binnelandse produk en die reële vaste kapitaalvoorraad word uitgedruk in die kapitaal-opbrengs-verhouding wat 'n aanduiding gee van die hoeveelheid kapitaal wat per eenheid produksie gebruik is. Die gemiddelde kapitaal-opbrengs-verhoudings vir die verskillende sektore in die ekonomie en vir die ekonomie as geheel vir elk van die kalenderjare vanaf 1946 tot 1977 word in tabel 5 aangegee. Aangesien die gemiddelde kapitaal-opbrengs-verhouding vir die ekonomie as geheel vir die tydperk 1946 tot 1972 in besonderhede in die vroeëre artikel

waarna hierbo verwys is, ontleed is, sal die aandag in hierdie artikel slegs toegespits word op ontwikkelings gedurende die daaropvolgende tydperk tot en met die einde van 1977. Die gemiddelde kapitaal-opbrengs-verhouding van die individuele sektore sal egter vir die hele tydperk vanaf 1946 ontleed word.

Die ekonomie as geheel

In die vorige artikel is tot die gevolgtrekking gekom dat die verwantskap tussen die reële vaste kapitaalvoorraad en die reële bruto binnelandse produk vir die ekonomie as geheel gedurende die tydperk 1946 tot 1972 betreklik konstant gebly het en dat die sikliese skommelings wat voorgekom het, in verband gebring kon word met veranderinge in die graad van benutting van die reële vaste kapitaalvoorraad. Ramings vir die daaropvolgende jare toon dat die reële vaste kapitaalvoorraad gedurende 1970 tot 1977 teen 'n gemiddelde jaarkoers van 6,5 persent, en die reële bruto binnelandse produk teen 'n gemiddelde jaarkoers van slegs 3,8 persent, toegeneem het. Gevolglik het die gemiddelde kapitaal-opbrengs-verhouding feitlik ononderbroke van 2,16 in 1969 tot 2,64 in 1977 toegeneem. Die betreklik lae koers van toename in die reële bruto binnelandse produk gedurende die tydperk 1970 tot 1977 het verband gehou met die twee betreklik lang afwaartse fases van die konjunkturgolf wat gedurende hierdie tydperk ondervind is. Soos hierbo aangetoon is, was die vernaamste rede vir die hoë koers van toename in die reële vaste kapitaalvoorraad gedurende die sewentigerjare tot 1977 die volgehoue styging in die reële vaste kapitaalbesteding (hoofsaaklik infrastrukturele ontwikkeling) deur openbare owerhede en openbare korporasies, as gevolg van uitbreidingsprogramme en nuwe projekte waarna hierbo verwys is. Aangesien hierdie besteding aansienlik tot die produksiekapasiteit bygedra het, word verwag dat die stygende neiging in die gemiddelde kapitaal-opbrengs-verhouding binne die volgende paar jare tot stilstand gebring sal word.

Die verwantskap tussen kapitaal en arbeid, 'n maatstaf van die kapitaalintensiwiteit van die ekonomie, het gedurende die tydperk 1946 tot 1977 gestadig gestyg,

Tabel 5. Gemiddelde kapitaal-opbrengs-verhouding volgens tipe ekonomiese bedrywigheid

Tydperk	Landbou, bosbou en visserij	Mynbou en steen- groewery	Fabriekswese	Elektrisiteit, gas en water	Konstruksie (kontrakteurs)	Groot- en kleinhandel, verversing en akkommodasie	Vervoer, opberging en kommunikasie	Finansies, versekering, vaste eiendom en besigheidsdienste	Gemeenskaps-, maatskaplike en persoonlike dienste	Totaal
1946	2,00	1,73	0,85	7,77	0,24	0,79	3,88	3,33	1,73	1,96
1947	1,84	1,84	0,84	7,71	0,21	0,75	3,96	3,54	2,02	1,99
1948	1,86	1,88	0,94	8,08	0,19	0,74	3,98	3,68	2,07	2,00
1949	2,22	1,94	1,05	7,71	0,21	0,76	4,01	3,96	2,12	2,11
1950	2,06	2,02	1,07	7,38	0,23	0,81	4,12	4,02	2,13	2,12
1951	2,03	2,16	1,05	7,31	0,23	0,84	3,93	4,10	2,16	2,11
1952	2,15	2,34	1,03	7,34	0,22	0,90	3,82	4,30	2,23	2,18
1953	2,06	2,56	1,05	7,66	0,24	0,91	3,88	4,33	2,28	2,22
1954	2,05	2,57	1,02	7,72	0,26	0,92	3,95	4,31	2,33	2,21
1955	2,11	2,49	0,98	7,60	0,27	0,96	3,95	4,41	2,35	2,20
1956	2,02	2,35	0,97	7,64	0,27	0,97	3,99	4,49	2,38	2,19
1957	2,15	2,28	0,96	7,61	0,26	1,00	4,04	4,50	2,40	2,20
1958	2,37	2,25	0,99	7,66	0,25	1,01	4,36	4,56	2,48	2,27
1959	2,28	2,09	1,04	7,45	0,27	1,04	4,52	4,57	2,60	2,28
1960	2,30	2,06	1,01	7,23	0,29	1,03	4,42	4,46	2,71	2,30
1961	2,13	2,06	1,05	7,13	0,30	1,05	4,53	4,42	2,79	2,30
1962	2,09	1,95	1,05	7,02	0,31	1,03	4,43	4,35	2,85	2,26
1963	2,01	1,87	0,97	6,83	0,34	0,96	4,35	4,26	3,00	2,18
1964	2,33	1,77	0,94	6,51	0,33	0,93	4,22	4,21	3,12	2,16
1965	2,37	1,75	1,01	6,33	0,33	0,91	4,23	4,28	3,25	2,17
1966	2,26	1,64	1,06	6,58	0,38	0,94	4,27	4,37	3,39	2,20
1967	1,86	1,64	1,06	6,58	0,36	0,90	4,28	4,12	3,45	2,14
1968	2,15	1,60	1,07	6,70	0,35	0,84	4,22	4,00	3,51	2,16
1969	2,17	1,55	1,02	6,82	0,34	0,83	4,06	3,96	3,78	2,16
1970	2,38	1,51	1,05	6,61	0,33	0,83	3,84	4,08	3,96	2,19
1971	2,08	1,61	1,11	6,65	0,31	0,84	3,89	4,26	4,12	2,24
1972	2,14	1,72	1,18	6,45	0,30	0,85	4,07	4,32	4,34	2,33
1973	2,56	1,71	1,20	6,22	0,32	0,81	4,04	4,39	4,51	2,37
1974	2,02	1,84	1,24	6,01	0,30	0,78	3,89	4,46	4,60	2,34
1975	2,30	2,10	1,30	6,09	0,32	0,77	4,00	4,59	4,71	2,43
1976	2,32	2,23	1,37	6,40	0,35	0,76	4,17	4,72	4,76	2,54
1977	2,09	2,18	1,51	6,90	0,39	0,82	4,09	4,81	4,82	2,64

omdat die reële vaste kapitaalvoorraad teen 'n heelwat hoër koers as die arbeidsmag toegeneem het. So het die gemiddelde hoeveelheid kapitaal wat per ekonomies bedrywige persoon aangewend is, van R1 726 (teen konstante 1970-pryse) in 1946 tot R2 125 in 1951, R2 807 in 1960 en R3 294 in 1970 toegeneem, dit wil sê teen 'n gemiddelde jaarkoers van 2,7 persent. Gedurende die tydperk 1970 tot 1977 het hierdie groeikoers tot 3,3 persent per jaar versnel as gevolg van die vervanging van arbeid met kapitaal wat meegebring is deur 'n algemene tekort aan geskoolde werkers en die aansienlike styging in die lone van ongeskoolde werkers gedurende hierdie tydperk. In 1976 en

1977 het die koers van toename in die gemiddelde kapitaal-arbeid-verhouding egter verlangsaam tot 2,6 persent in 1977, toe daar R4 146 (teen konstante 1970-pryse) aan vaste kapitaal per ekonomies bedrywige persoon aangewend is.

Landbou, bosbou en visserij

Die gemiddelde kapitaal-opbrengs-verhouding in die landbousektor het gedurende die tydperk 1946 tot 1977 van jaar tot jaar betreklik groot skommelings getoon. Hierdie verskynsel is nie onverwags nie aangesien die landbouproduksie grotendeels deur weersomstandighede bepaal word en in mindere mate

deur die kapitaal aangewend. Nieteenstaande hierdie skommelings van jaar tot jaar, het die gemiddelde verhouding slegs effens gestyg van 1,97 gedurende die laat-veertigerjare tot ongeveer 2,13 gedurende die tydperk 1950 tot 1959, en het dit gedurende die sestigerjare min of meer op hierdie vlak gebly. Gedurende die eerste helfte van die sewentigerjare het dit effens verder toegeneem tot 'n gemiddelde van 2,22.

Mynbou en steengroewery

Drie sub-tydperke wat in verband staan met ontwikkelings in die goudmynboubedryf kan onderskei word wat veranderinge in die gemiddelde kapitaal-opbrengs-verhouding in die mynbousektor betref. Gedurende die eerste tydperk, vanaf 1946 tot 1954, het die gemiddelde verhouding onafgebroke toegeneem as gevolg van 'n hoër vlak van die reële vaste kapitaalbesteding aan die destyds nuut-ontdekte goudvelde van die Oranje-Vrystaat en Wes-Transvaal. Gedurende die daaropvolgende sub-tydperk, vanaf 1955 tot 1970, het hierdie besteding produksie begin lewer, met die gevolg dat die produksie teen 'n vinniger koers as die vaste kapitaalbesteding toegeneem het. Gevolglik het die gemiddelde kapitaal-opbrengs-verhouding gedurende hierdie tydperk ononderbroke gedaal. Die derde sub-tydperk, vanaf 1971 tot 1977, is gekenmerk deur 'n volgehoue daling in die goudproduksie wat gedurende die grootste deel van hierdie tydperk nie deur 'n styging in die nie-goudmynbouproduksie geneutraliseer is nie. Hierbenewens het daar van 1974 tot 1976 'n skerp toename in die reële vaste investering voorgekom wat deur groot stygings in die prys van goud en ander minerale aangemoedig is. Gevolglik het die gemiddelde kapitaal-opbrengs-verhouding vanaf 1971 tot 1976 skerp gestyg. In 1977 is die nie-goudmynbouproduksie deur 'n hoër uitvoervraag en deur nuwe hawefasiliteite vir die uitvoer van minerale aangehelp, terwyl die reële vaste investering afgeplat het. Gevolglik het die gemiddelde kapitaal-opbrengs-verhouding gedurende 1977 effens gedaal.

Die mynboubedryf het gedurende die tydperk 1946 tot 1977 progressief meer kapitaal-intensief geword. Die gemiddelde bedrag aan kapitaal wat per ekonomies bedrywige persoon in die mynboubedryf aangewend is, het vanaf R1 260 (teen konstante 1970-pryse) in 1946 tot R2 653 in 1970 of teen 'n gemiddelde jaarakoers van 3,2 persent toegeneem. Syfers vir die ekonomies bedrywige bevolking vir meer onlangse jare, is nie beskikbaar nie, maar werkverskaffingsyfers toon 'n aansienlike verandering in die kapitaal-arbeid-verhouding gedurende 1970 tot 1977. So het die gemiddelde bedrag aan kapitaal per werker aangewend vanaf 1970 tot 1973 slegs effens toegeneem, maar tussen 1973 en 1976 skerp gestyg. Hierdie versnelling was die netto resultaat van 'n styging van 28 persent in die reële vaste kapitaalvoorraad vanaf 1973 tot 1976 en 'n afname van ongeveer 2 persent in die werkverskaffing gedurende hierdie tydperk. In 1977 het

die werkverskaffing teen 'n effens hoër koers as die reële vaste kapitaalvoorraad toegeneem, met die gevolg dat die gemiddelde bedrag aan kapitaal wat per werker aangewend is, slegs marginaal toegeneem het.

Fabriekswese

Die gemiddelde kapitaal-opbrengs-verhouding in die fabriekswese het gedurende die tydperk onmiddellik na die oorlog vinnig toegeneem, gedurende die vyftiger- en sestigerjare min verandering getoon, maar vanaf 1969 tot 1977 weer skerp toegeneem. Die opmerkbare toename in die kapitaal-opbrengs-verhouding vanaf 1946 tot 1950 was die gevolg van 'n hoër koers van toename in die uitbreiding van produksiekapasiteit (wat voortgespruit het uit 'n hoër vlak van die verbruikers- en investeringsvraag en wat deur invoerbeperkings aangehelp is), wat die koers van toename in die reële produksie oorskry het. Nieteenstaande skommelings van jaar tot jaar tussen 1950 en 1970, het die gemiddelde kapitaal-opbrengs-verhouding per saldo min verandering getoon, omdat die reële produksie en die reële netto investering teen ongeveer dieselfde gemiddelde jaarakoers toegeneem het. Gedurende die tydperk 1969 tot 1977 het die reële vaste kapitaalvoorraad van die fabriekswese egter teen 'n gemiddelde jaarakoers van 7,4 persent toegeneem, terwyl die reële produksie teen 'n gemiddelde koers van slegs 2,3 persent per jaar toegeneem het. Gevolglik het die gemiddelde bedrag aan kapitaal wat per eenheid produksie aangewend is, aansienlik toegeneem. Die buitengewoon groot toename in die kapitaal-opbrengs-verhouding in 1977 was die netto resultaat van 'n hoër koers van toename in die reële vaste kapitaalvoorraad van die openbare korporasies, onder andere as gevolg van hoër reële kapitaalbesteding aan Sasol se tweede olie-uit-steenkoleraanleg, 'n laer koers van toename in die reële vaste kapitaalvoorraad van die private fabriekswese vanweë surplus produksiekapasiteit, en 'n afname in die reële toegevoegde waarde van die fabriekswese as gevolg van die lae vlak van die totale reële binne-landse vraag.

Die gemiddelde bedrag aan kapitaal wat per ekonomies bedrywige persoon in die fabriekswese aangewend is, het vanaf R1 216 (teen konstante 1970-pryse) in 1946 tot R2 689 in 1970 toegeneem, dit wil sê teen 'n gemiddelde jaarakoers van 3,4 persent. Vanaf 1970 tot 1971 het die koers van toename, egter skerp toegeneem tot 5,4 persent, hoofsaaklik as gevolg van meganisasie. In 1977 het die gemiddelde bedrag aan kapitaal per werker aangewend teen konstante 1970-pryse R3 818 bedra.

Elektrisiteit, gas en water

Die sektor wat elektrisiteit, gas en water verskaf, het die hoogste kapitaal-opbrengs-verhouding getoon van al die sektore wat in tabel 5 aangegee word. Die rede vir hierdie hoër verhouding moet gesoek word in die kapitaal-intensiewe aard van die infrastrukturele dienste

wat deur hierdie sektor verskaf word. Die gemiddelde kapitaal-opbrengs-verhouding van hierdie sektor het vanaf 1948 tot 1951 skerp gedaal, aangesien die reële produksie teen 'n hoër koers as die reële vaste kapitaalvoorraad toegeneem het. Hierdie ontwikkeling is gedurende die tydperk 1952 tot 1958 omgekeer. Gedurende die laat-vyftigerjare en die eerste helfte van die sestigerjare het die reële produksie weer eens aansienlik vinniger as die reële vaste kapitaalvoorraad toegeneem, wat 'n duidelike afname in die gemiddelde kapitaal-opbrengs-verhouding tot gevolg gehad het. As gevolg van uitbreidings deur Evkom gedurende die tweede helfte van die sestigerjare, het die reële vaste kapitaalvoorraad teen 'n effens hoër koers as die reële produksie toegeneem en is daar gedurende hierdie tydperk 'n klein toename in die gemiddelde kapitaal-opbrengs-verhouding aangeteken. Vanaf 1969 tot 1974 het die vlak van die reële produksie gemiddeld teen bykans 9 persent per jaar gestyg, vergeleke met 'n gemiddelde jaarlikse groeikoers van 6 persent in die reële vaste kapitaalvoorraad, met die gevolg dat die gemiddelde kapitaal-opbrengs-verhouding vanaf 1969 tot 1974 merkbaar gedaal het. Resessionêre toestande vanaf 1975 tot 1977 het meegebring dat die reële produksie teen 'n gemiddelde jaarakoers van slegs ongeveer $4\frac{1}{2}$ persent toegeneem het, maar die vlak van die reële vaste kapitaalvoorraad het teen ongeveer dubbeld daardie koers gestyg, hoofsaaklik as gevolg van die oprigting van addisionele kragentrales en hernuwings en uitbreidings deur Evkom aan bestaande installasies. Gevolglik het die gemiddelde kapitaal-opbrengs-verhouding vanaf 1974 tot 1977 skerp toegeneem.

Konstruksie

In teenstelling met die hoë kapitaal-opbrengs-verhouding van die sektor elektrisiteit, gas en water, was die gemiddelde kapitaal-opbrengs-verhouding van konstruksie, wat heelwat minder as een bedra het, die laagste onder dié van die ekonomiese bedrywighede wat in tabel 5 onderskei word. Die klein bedrag aan kapitaal wat per eenheid produksie aangewend is, kan uit die aard van die bedrywighede van die konstruksiebedryf verklaar word, insoverre groot konstruksiewerke deur ondernemings met betreklik min eie vaste kapitaal onderneem kan word. Die gemiddelde hoeveelheid vaste kapitaal wat per eenheid produksie aangewend is, het vanaf 1946 tot 1966 nietemin bykans ononderbroke toegeneem, maar daarna gedaal voordat dit vanaf 1974 tot 1977 weer effens gestyg het. Laasgenoemde toename was hoofsaaklik toe te skryf aan 'n daling van ongeveer 5 persent per jaar in die reële produksie gedurende die betrokke tydperk, wat 'n weerspieëling was van die swak toestande wat deur die konstruksiesektor ondervind is gedurende die ongewoon lang resessie wat in die derde kwartaal van 1974 'n aanvang geneem het.

Groot- en kleinhandel verversing en akkommodasie

Afgesien van die jare 1957 tot 1962, het die sektor groot- en kleinhandel, verversing en akkommodasie gedurende die tydperk 1946 tot 1977 'n baie lae gemiddelde kapitaal-opbrengs-verhouding van minder as een getoon. Die verhouding het vanaf 1963 tot 1976 'n duidelik dalende neiging getoon, maar in 1977 effens gestyg as gevolg van die skerp daling in die reële toegevoegde waarde, wat op sy beurt in verband gestaan het met 'n daling in die reële totale binne-landse vraag gedurende hierdie tydperk.

Vervoer, opberging en kommunikasie

Die sektor wat vervoer-, opbergings- en kommunikasiedienste voorsien het gedurende die tydperk 1946 tot 1977 as geheel 'n taamlik hoë gemiddelde kapitaal-opbrengs-verhouding getoon. Die vernaamste rede vir hierdie betreklik hoë verhouding is dat die voorsiening van die betrokke basiese infrastruktuur dienste taamlik kapitaal-intensief is. Dit is ook die rede waarom twee regeringsondernemings, naamlik die Suid-Afrikaanse Spoorwegadministrasie en die Departement van Pos- en Telekommunikasiewese, die vernaamste verskaffers van hierdie dienste is.

Wanneer die gemiddelde kapitaal-opbrengs-verhouding van hierdie sektor oor die na-oorlogse tydperk as geheel beskou word, kan vier duidelik onderskeibare sub-tydperke opgemerk word. Gedurende die eerste sub-tydperk, vanaf 1946 tot 1957, het die reële vaste kapitaalvoorraad gemiddeld teen 'n jaarakoers van 4,8 persent en die reële toegevoegde waarde teen 4,5 persent per jaar toegeneem, met die gevolg dat die gemiddelde kapitaal-opbrengs-verhouding redelik konstant gebly het en rondom 3,96 geskommel het. Gedurende 1957 tot 1963 het die reële vaste kapitaalvoorraad voortgegaan om teen 4,8 persent per jaar toe te neem, maar het die koers van toename van die reële opbrengs tot slegs 3,6 persent per jaar gedaal. Gevolglik is daar gedurende hierdie tydperk 'n betreklik hoë gemiddelde kapitaal-opbrengs-verhouding van 4,43 aangeteken. Gedurende die res van die sestigerjare is daar, met slegs klein en kort onderbrekings, 'n algemeen hoë vlak van ekonomiese bedrywigheid ondervind. Die vraag na vervoer-, opbergings- en kommunikasiedienste het aansienlik gestyg en die reële opbrengs van hierdie sektor het teen 'n gemiddelde jaarakoers van 7,1 persent toegeneem, vergeleke met 'n koers van 5,2 persent in die reële vaste kapitaalvoorraad, met die gevolg dat die gemiddelde kapitaal-opbrengs-verhouding vanaf 1961 tot 1970 feitlik aanhoudend gedaal het.

Soos vroeër aangedui is, het die reële vaste kapitaalvoorraad gedurende die sewentigerjare tot 1977 aansienlik gestyg as gevolg van 'n hoë vlak van die investeringsbedrywigheid van die Suid-Afrikaanse Spoorwegadministrasie en die konstruksie van die Sishen-Saldanha-spoorlyn-en-haweprojekte. Omdat die

reële opbrengs gedurende hierdie jare ook teen 'n betreklik hoë koers gestyg het, het die gemiddelde kapitaal-opbrengs-verhouding rondom 'n betekenisvol laer vlak van 4,00 geskommel, vergeleke met 'n gemiddelde verhouding van 4,28 gedurende die vorige dekade.

Finansies, versekering, vaste eiendom en besigheidsdienste

Die gemiddelde kapitaal-opbrengs-verhouding van hierdie sektor het vanaf 1946 tot 1959 feitlik ononderbroke gestyg. Hierdie ontwikkeling kon hoofsaaklik aan 'n hoë koers van toename in die reële woningbou- en nie-woningboukonstruksie gedurende hierdie tydperk toegeskryf word. Gedurende die sestigerjare het die reële toegevoegde waarde van hierdie sektor teen 'n hoër koers as die reële vaste kapitaalvoorraad gestyg en teen 1969 'n aansienlik laer gemiddelde kapitaal-opbrengs-verhouding tot gevolg gehad. As gevolg van 'n hoë vlak van verhuringsbedrywighede gedurende die eerste helfte van die sewentigerjare, tesame met verdere toenames in die reële woningbou- en nie-woningboukonstruksie, het die groei van die reële vaste kapitaalvoorraad dié van die reële toegevoegde waarde oorskry en het die gemiddelde kapitaal-opbrengs-verhouding gedurende hierdie tydperk redelik skerp gestyg. Ofskoon die koers van toename in die reële vaste kapitaalvoorraad in 1976 en 1977 opmerklik verlangsamer het, het die reële toegevoegde waarde in 1976 slegs effens gestyg en in 1977 in werklikheid gedaal, met die gevolg dat die gemiddelde kapitaal-opbrengs-verhouding gedurende hierdie twee jare verder toegeneem het.

Gemeenskaps-, maatskaplike- en persoonlike dienste

Die gemiddelde kapitaal-opbrengs-verhouding van hierdie sektor het gedurende die tydperk 1946 tot 1977 feitlik verdrievoudig, aangesien die reële vaste kapitaalvoorraad teen 'n gemiddelde jaarcoers van nie minder nie as 6,5 persent gestyg het, wat aansienlik hoër was as die gemiddelde jaarcoers van toename van slegs 3,2 persent in die reële toegevoegde waarde van hierdie sektor. Die vernaamste rede vir die hoë koers van toename in die reële vaste kapitaalvoorraad is die insluiting in hierdie sektor van kollektiewe infrastruktuurdienste deur die algemene owerheid. Die vraag na hierdie dienste deur die groeiende ekonomie het ná 1946 aansienlik gestyg, en om in hierdie vraag te voorsien, moes die investering versnel word. Die lae koers van toename in die reële opbrengs spruit hoofsaaklik voort uit die feit dat die voorsiening van hierdie dienste slegs 'n klein, indien enige, regstreekse opbrengs aan die owerheid lewer. Gevolglik hou die opbrengs feitlik geen regstreekse verband met die voorsiening van hierdie dienste nie. Die verhouding van kapitaal tot opbrengs het derhalwe nie net met verloop van tyd gestyg nie, maar die hoë gemiddelde kapitaal-opbrengs-verhouding van hierdie sektor is gedurende

die tydperk 1972 tot 1977 slegs deur dié van elektrisiteit, gas en water oortref.

Opsomming

Tesame met onder andere verbeterde tegnologie en veranderings in die kwantiteit en kwaliteit van die arbeidsmag, word die ekonomiese groei in nywerheidslande in groot mate deur kapitaalakkumulasie bepaal. Gedurende die tydperk 1946 tot 1977 het die reële vaste kapitaalvoorraad van Suid-Afrika toegeneem teen 'n gemiddelde jaarcoers van 5,9 persent maar die reële bruto binnelandse produk teen 'n laer koers van 4,9 persent, wat aandui dat die gemiddelde bedrag aan kapitaal wat per eenheid produksie aangewend is, gedurende hierdie tydperk toegeneem het. Hierdie neiging tot 'n "verdieping van kapitaal" was egter slegs gedurende die tydperk 1970 tot 1977 waarneembaar, toe die reële produksie, as gevolg van die binnelandse en buitelandse resessionêre toestande, met slegs 3,6 persent per jaar gestyg het, vergeleke met 'n gemiddelde jaarcoers van toename van 6,4 persent in die reële vaste kapitaalvoorraad. Hierdie hoë groeicoers van die kapitaalvoorraad het verband gehou met verskeie spesiale projekte wat op die uitbouing van die ekonomiese infrastruktuur gemik was. Omdat die ekonomiese bedrywige bevolking vanaf 1970 tot 1977 met gemiddeld 3,5 persent per jaar toegeneem het, het die gemiddelde bedrag aan kapitaal wat per ekonomiese bedrywige persoon aangewend is ('n maatstaf van die kapitaalintensiwiteit in die ekonomie), vanaf 1970 tot 1977 aansienlik toegeneem.

Wat die sektorale kapitaal-opbrengs-verhoudings betref, is buitengewoon hoë verhoudings tussen kapitaal en opbrengs getoon deur elektrisiteit, gas en water; vervoer, opberging en kommunikasie; finansies, versekering, vaste eiendom en besigheidsdienste; en, in die besonder gedurende die sestigerjare en die sewentigerjare tot 1977, ook deur gemeenskaps-, maatskaplike en persoonlike dienste. Die hoë verhouding in die geval van finansies, versekering, vaste eiendom en besigheidsdienste was die gevolg van die insluiting van private woongeboue, die grootste gedeelte van die private sektor se nie-woongeboue, en alle kapitaaltoerusting vir verhuringsdoeleindes, in hierdie sektor se vaste kapitaalvoorraad. In die geval van die ander sektore was die hoë verhoudings 'n weerspieëling van die kapitaalintensiewe aard van die betrokke basiese ekonomiese en sosiale infrastruktuurdienste. In die geval van die fabriekswese en groot- en kleinhandel, verversing en akkommodasie is betreklik lae gemiddelde kapitaal-opbrengs-verhoudings van ongeveer een aangeteken, maar die verhouding in die fabriekswese het gedurende die tydperk 1970 tot 1977 geneig om skerp toe te neem. Die vernaamste redes vir hierdie toename was die groot mate van meganisering wat deur tekorte aan geskoolde arbeid meegebring is en die groot kapitaalintensiewe projekte van openbare korporasies.